


STUDENTEBLAD

van die

P.U. vir C.H.O.

Deel VIII. 2 Mei, 1953. No. 2

# PUIK INTERVARSITY IN VOORUITSIG

## Hier's Ons Man Pukke!



### *S.S.B. Voorsitter Sê Sy Sê*

**Vandag hou die P.U. sy dertiende intervarsity teen die Universiteit van die Vrystaat. Vir die sportliefhebbers van beide Universiteite sal dit die hoogtepunt wees in hulle sportaktwiteite van die jaar.**

„Van heinde en ver sal belangstellendes kom om hierdie kragmeting te sien, miskien nie om te kyk wie as oorwinnaar uit die stryd sal tree nie, maar hoofsaaklik om na mooi, oop studenterugby te kyk.

„Studente van beide die inrigtings vra hulle seker al vir die afgelope paar weke die vraag af: wie gaan die oorwinnaars van die dertiende intervarsity wees? Van die afgelope twaalf intervarsities het die Universiteit van die Vrystaat sewe gewen terwyl die P.U. vyf oorwinnings op sy kerfstok het. Van die afgelope vyf intervarsities het ons drie gewen teenoor twee van ons teenstanders.

„Ek vertrou dat ook hierdie kragmeting in die goeie gees as in die verlede sal geskied. Ons wil ons teenstanders verseker dat hulle weereens baie hartlik welkom is in Pukkieland en ons sal alles in ons vermoë doen om hulle besoek hier te veraangenaam, en om die vriendskapsbande tussen die Universiteite te versterk.

**„Ek wil dan 'n beroep doen op sportmanne van beide die Universiteite om ook gedurende hulle kragmeting hulle soos ware sportmanne en sportvroue te gedra, ondanks wat die uitslag ook al mag wees.**

„Graag wens ek ook my hartelike dank uit te spreek teenoor die owerhede van beide die Universiteite vir die hulp wat ons in die verband van hulle kant ontvang het. Dit is grootliks aan hulle tegemoetkomendheid te danke dat ons hierdie intervarsity kan hou en ek vertrou ook dat hulle in die toekoms ons in die verband net so goed behulpsaam sal wees.

„Ook 'n spesiale woord van dank aan **Prof. Dirk van Rooy** wat so vriendelik was met die verskaffing van etes en losies aan ons deelnemers.

**„Ek sluit af deur te sê: Welkom U.O.V.S. ons gaan 'n lekker intervarsity hou!"**

L. J. POTGIETER
(Voors. S.S.B.)

## Entoesiasme loop lankal hoog

### *Pukke Vasberade om te Wen*

Intervaristy! Die groot woord in elke student se woordeskat; die groot dag in elke student se lewe. Na verneem word ruk die Outjies in groot getalle op na Pukkieland om vanjaar intervarsity in Potchefstroom te kom hou. En die uitslag? Al die studente van beide inrigtings wag met spanning daarop, veral wat betref die groot botsing wat vanmiddag om vieruur op Olënpark plaasvind. Dit is na alles die wedstryd wat die uitslag van die intervarsity bepaal.

**Die entoesiasme vir die intervarsity loop reeds hoog. Alhoewel die dirigentvangery ongelukkig vanjaar afgeskaf is—en dit het die gees wat gewoonlik reeds vóór die tyd heers, heelwat gedemp—is die Pukke daarop uit om van hierdie intervarsity een van die puikstes te maak wat nog ooit tussen hierdie twee Universiteite plaasgevind het. Die spelers spook dat dit klap om „shine" te vang in die verskillende spanne wat gaan speel. Almal is reeds fiks en dit voorspel niks vir die Vrystaters nie.**

Die Puk se **eerste voetbalspan**, op wie die grootste verantwoordelikheid gaan rus om hierdie intervarsity te wen, is vanjaar 'n jong span met baie nuwe gesigte. Dit wil egter nie sê dat Theos vanjaar 'n swakker span die veld stoot as in die verlede nie. Selde nog het die Pukke oor so 'n **knap agterlyn** beskik as vanjaar. Die twee skakels stuur hulle driekwarte blitsvinnig weg en laasgenoemde is almal haastige kêrels wat op **volspoed** nael.

Die voorspelers is lig maar beweeglik. Hulle pak vas in die skrums, vat hoog en raak in die lynstane en sak soos blits op 'n losskrum toe. Nouja, waar wil jy nou 'n beter span hê om 'n intervarsity te wen!

Die ander voetbalspanne is ook op volle sterkte en sien al daarna uit om die outjies 'n drag slae toe te dien wat hulle nog lank sal onthou. Die **Navy** het 'n sterk pak voorspelers. Die **Tekkies** (wat terloops nog al hulle wedstryde van hierdie seisoen gewen het) gaan natuurlik die U.O.V.S. weer grys hare besorg, veral met veterane soos **Maalenkov de Klerk** en **Cronjé Venter** in hulle geledere. P.U. se **O/19 spanne** saal weer sorg vir vinnige en aanskoulike wedstryde van die dag.

Met 'n potensiële Wes-Transvaal **Jukskeispan** in ons midde, gaan die Outjies beslis les opsê in hierdie sportsoort. Volgens Mnr. L. J. Potgieter, hulle kaptein, slaan die **houtgooiers** vanjaar die penne keer op keer onderstebo en plant hulle die skeie teenaan die pen as 'n „lê" nodig is vir die oorwinning. Oppas, Vrystaters!

**Ons manshokkiespan het net 'n paar van verlede jjaar se spelers verloor, en alhoewel dit nog altyd dié sportsoort van U.O.V.S. was, is die Pukke van plan om vanjaar die hare (of miskien die „maermêrries") te laat waai op hierdie gebied. Puk se dameshokkiespan is ook aan die brand en sal met niks minder as 'n klinkende oorwinning tevrede wees nie.**

**Korfbal** is natuurlik die spel waarin die P.U. nog altyd uitgeblink het. Die Outjies se aanvallige lametjies kan hulle maar by voorbaat klaarmaak om 'n paar „tips" te kom vat hoe om 'n bal in 'n doelnet te kry. 'n Mens kan die Vrystaatse dametjies maar net sterkte toewens—hulle sal dit nodig hê!

Op **tennisgebied** was die Outjies weer altyd baie sterk, maar vanjaar gaan hulle hul rieme styfloop want beide die mans- en damesspanne van die Pukke is vanjaar vas van plan om hulle teenstanders 'n gedugte loesing toe te dien.

Mag dit 'n baie lekker intervarsity wees en mag dit die beste span wees wat wen!



L. J. POTGIETER, Jukskeikapt. en S.S.B.-Voors.

**'n Vakansiekursus in Koperasiewese aan die P.U. word in die vooruitsig gestel gedurende die tydperk end September-begin Oktober. Daar word verwag dat ongeveer 150 kursusgangers teenwoordig sal wees.**

* * * *

Die na-uurse klasse vir die B.Comm.-graad vorder goed. Daar het ongeveer elf studente alreeds ingeskryf.

VIR—

**VIS, ERTAPPELS,**

**VERVERSINGS, ENS.**

WELKOM KAFEE,

**Von Wiellighstraat 13,**

**POTCHEFSTROOM.**

*Dis u kafee, Studente!*

# *Die Wapad.*

21 MAART 1953.

*Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*



## REDAKSIE.

**Hoofredaktetur:** D. F. Erasmus.
**Sub-Redakteurs:** D. v.d. Spuy (Sport); **M. J. Strydom** (Alg. Nuus); I. C. J. Minnaar (Varia); G. v.d. Berg (Kuns); Mej. L. Grobler (Algemeen.
**Fotograaf:** L. J. Potgieter.
**Spotprenttekenaar:** L. Haarhoff.
**Tegn. Advokaat:** A. J. R. Vermeulen.
**Administrasie:** W. J. Sevenster (Voors.); J. Buys; R. Meyer; I. van Vuuren.


# *PERSPEKTIEF*

Vandag is die groot dag. Die afgelope week is daar natuurlik weer niks gestudeer nie. En hy het so stadig verby gegaan. Maar nou het die groot oomblik mos aangebreek. Ons is een en almal genoeg opgetjaarts en opgesweep. Net jammer dat 50% van die opswepery ontbreek het—ons mag mos nie meer dirigente vang nie. Tog is die tande goed geslyp.

Maar Outjies, ons Pukke groet julle met 'n stewige boere-groet en sê: Welkom, welkom! Dit is werklik aangenaam om saam met julle in geselskap te verkeer. As julle julle deel bydra is alles vandag 'n sukses. Die spreekwoord sê nie verniet nie: Help jouself, dan het jou vriende jou lief. Nou-ja, dit is 'n groot waarheid. Alles is tot julle beskikking.

Ons kompeteer saam op een veld, en ons wen of verloor soos een man. En of ons nou wen of verloor, doen ons so op die regte wyse, op 'n sportiewe manier. . . Trouens, ons hoofdoel is nie om die uitslag in ons guns te laat swaai nie, maar ons doel is om gesond op 'n sportiewe wyse te kompeteer. Dit is die regte perspektief. Sien ons die saak nie so nie lê die fout wel by ons en nie by hierdie of daardie speler wat sy „afdag" gehad het nie. Nee, ons is sportgeesdriftiges wat Intervarsitie hou. En as 'n man of die span 'n verdiende oorwinning behaal het, dan gun die verloorders die oorwinnaars hulle regmatige sukses! Dan eers kan ons daarop roem dat ons ons groots gedra het.

Kom wat wil Outjies—roset-grypery ingesluit—ons Pukke roep julle 'n hartlike welkom toe, ons hoop julle geniet elke oomblik van vandag en as alles verby is groet ons julle en sê: Kom weer!

## *A.S.B.-Afvaardiging*

Môremiddag vertrek die P.U.-afvaardiging na die eikestad om ons tak te gaan verteenwoordig op die kongres. Ons wens hierdie manne sukses toe. Hulle dra die vertroue weg van die hele tak. Ons glo dat hulle die P.U. se stempel gaan afdruk en vir sowel ons Universiteit as vir die A.S.B. 'n toring van sterkte op hierdie aller-belangrikste samekoms gaan wees. Die leier is bekwaam en sy gevolg goed op hoogte met sake en strominge. Ons roep hulle sterkte toe.

## *BROSJURE-EKSAMEN*

Aan die adres van ons geagte eerstejjaar-studente net dit: Dames en here, die brosjure-eksamen is nie vir spek en boontjies daar nie, nog minder 'n saak wat van verbygaande aard is. Om werklik 'n waardige P.U.-kaner te wees beteken in die diepste sin om die geskiedenis, organisasie en doel van

(Vervolg Volgende Kolom)

Universiteitstrewe en studentelewe te ken en uit te lewe. Dit is in belang van uself en die van u eie Alma Mater. Sorg dat u elkeen hierdie eksamen eflê en sorg dat u dit so doen dat dit slegs tot u en die Inrigting se eer strek. U is tog immers die leiers van môre. En u kan alleen waardige leiers, ou-dames en ou-here wees as u u vergewis van wat op die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys van u verwag word. En wees dan trots op u Alma Mater, maar meer nog: wees trots op u studenteskap hier, wees dames en here met 'n oortuigde P.U. vir C.H.O.-beginsel, wees dan P.U.-KANERS in die ware sin van die woord. Alles hang slegs van uself af!!

# OORDENKING.

J. H. BOOYENS.

**Teks: Gen. 16: 8.**

**„Hagar, slavin van Sarai, waar kom jy vandaan, en waar gaan jy heen".**

Die engel van die Here, d.i. die verpersoonliking van Christus in die Ou-Testament maak hier bemoeienis met Hagar, die Egiptiese slavin van Sarai, waar sy besig is om weg te vlug uit die huis van Abram.

Hy maak spesiaal bemoeienis met haar, hier waar sy sit by die waterfontein op pad na Sur.

Nadat Hy haar aangespreek het as Slavin van Sarai, rig hy 'n selfontdekkende vraag aan haar.

Hy maak haar eerstens bewus van haar **ware stand.**

Alhoewel sy haarself wou verhef bo haar meesteres, spreek die engel haar aan as **Slavin van Sarai.**

Nie begenadigde bo Sarai nie.

Nie vervuller van die Goddelike belofte, of stammoeder van die beloofde nageslag aan Abraham nie.

Slegs slavin van Sarai.

Waar sy kort gelede nog onder die waan verkeer het dat sy haar teenoor haar meesteres kon verhef word haar **ware stand** nou onomwonde aan haar openbaar.

Want God ken haar. Hy merk haar selfverheffing.

Haar moedertrots wat die oorsaak is van die toestand waarin sy haar nou bevind.

Sy wou nie 'n ereplek as slavin van Sarai inneem nie, nou is sy veel minder as 'n huisgenoot van Abram.

Nou is sy 'n vreemdeling.

'n Slaaf van die sonde.

'n Vlugteling uit die huis van haar meesteres.

'n Swerweling in die wye onherbergsame woestyn.

Sonder status, sonder beskerming, met weinig hoop om haar bestemming te bereik.

En al die ellende spruit slegs daaruit voort dat sy vergeet het om slavin van Sarai te wees.

Dikwels maak ons ons ook skuldig aan dieselfde sonde as Hagar.

Want ons is deur die bloed van Christus tot Sy slawe gekoop.

En is ons nie ook dikwels onwillig om 'n slaaf van Christus te wees nie?

Wanneer die sonde aanlok, en dit vir ons 'n las i.p.v. 'n lus is om 'n lewe te lei wat ons onderskei van die slawe van die sonde?

Maar ons is duurgekoop deur die bloed van Christus.

Daarom laat God ons nie los nie, maar maak ook met ons bemoeienis.

„Slaaf van Christus, waar kom jy vandaan, en waar gaan jy heen?"

Die Here maak Hagar nie net bewus van die stand wat sy beklee nie.

Hy maak haar ook bewus van die toestand waarin sy verkeer, en daarom rig Hy die selfontdekkende vraag tot Hagar:

„Waar kom jy vandaan, en waar gaan jjy heen?"

Waar kom jy vandaan?

Sy kom uit die verbondshuis van Abraham.

Sy vlug weg uit die veilige tente van Abraham, waar die Naam van die e nige ware God aangeroep word.

Weg uit die geloofsomgewing.
Weg van haar ereplek as slavin van Sarai.

Weg uit die land Kanaän.

**Weg van God!**

Waar gaan jy heen?

Sy gaan na Egipte, die land van haar herkoms.

Die land van afgodery en sonde.

Die land wat die slawehuis sou word van die verbondsvolk.

Sy wil vry wees van die bande wat haar in die huis van Abraham bind.

Hierdie vryheid soek sy op die pad na Egipte.

En hier maak God uit genade met haar bemoeienis.

Hy soek haar op by die waterfontein.

Hy roep haar tot besinning met die vraag „Waar kom jy vandaan, en waar gaan jjy heen?

Wat is ons antwoord as God deur sy Woord hierdie selfontdekkende vraag tot ons rig?

Sal ons moet antwoord dat ons oorspronklik uit die aardse paradys kom.

**Ons is nou op die pad van die sonde, en ons eindbestemming is die hel!**

Of sal ons, die oë op die kruis gerig kan antwoord:

„Ons kom uit die aardse paradys, en alhoewel ons in sonde ontvang en gebore is, en nog steeds daarin val, het ons deur die genade van God slawe van Christus geword.

**Waarom gaan ons op die pad oor Golgotha na die hemelse paradys.**

Want Christus het die skeiding tussen God en ons a.g.v. die sonde verwyder.

Amen.

# STERKTE VRYSTAAT EN POTCHEFSTROOM.

**„Hier op ons Hoëveld, oop en vry", hier in die Tuinstad van Wes-Transvaal, wil elke Puk aan al die Vrystaters 'n warm handdruk gee! Wees hartlik welkom en maak julle sommer dadelik tuis julle „Outjies"! Vandag gaan ons lekker speel en laat ons aan die buitewêreld wys hoe jong Afrikanerharte se vreugde by ons kele uitdawer as ons sing dat die bulte anderkant die Mooirivier antwoord gee.**

Wen of verloor—laat die sukses van die Intervarsitie nie daardeur bepaal word nie. 'n Kerngesonde Studentegees—laat dit die voorwaarde van ons groot byeenkoms wees!

Wat ons Pukke betref, ons is vasberade om daardie gees dwarsdeur te handhaaf en ons glo dieselfde van julle Vrystaters.

Baie sterkte aan al die spanne en speel lekker!

(W.g.) V. E. d'ASSONVILLE,
Studenteraadsvoorsitter,
P.U. vir C.H.O.

In 'n baie interessante wedstryd moes die derde hokkiespan in 'n vriendskaplike wedstryd teen Proefplaas se tweede span die onderspit delf met 3 doele teen nul.

## Van S.R. Weë.

Langs hierdie weg wil die Studenteraad en Studente ons innige meegevoel betuig aan die eggenote, kinders en familie van wyle Prof. Dr. B. J. de Klerk van die Teologiese Skool wat onlangs ontslaap het. Ons harte gaan na hulle uit en vertrou dat die Almagtige Vader hulle sal vertroos.

Die S.R. se póging om alreeds hierdie kwartaal te begin met die bou van 'n Studentesaal, vorder voorspoedig. Sien 'n berig elders in „Die Wapad". Ons wil ook ons hartlike dank betuig aan almal wat tot dusver so pragtig gehelp het met insameling van fondse. Ons waardeer dit baie.


**J. HEIDEMA**

vir

FIETSE

EN

OLIVETTI

TIKMASJIENE

**J. HEIDEMA**

**Kerkstraat 30,**

**(teenoor Geref. Kerk)**

**POTCHEFSTROOM.**

**PRO REGE-PERS**

BOEKHANDEL

en

ANTIKWARIAAT

vir al u

WETENSKAPLIKE BOEKE

EN SKRYFBEHOEFTES.

**Telefoon 1164,**

**KERKSTRAAT 59.**

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS.

## *VICTOR EN JOHAN IN SWITSERLAND*



Op die foto verskyn Victor d'Assonville, S.R.-voors. en Johan Ligthelm, S.R.-voors. van verlede jaar. Beide was op 'n uitgebreide toer deur Engeland en Europa deur bemiddeling van die Abe Bailey-fonds. Hierbo verskyn hulle tydens hulle reis deur Switzerland.

# INTER-ETERY STEEK WEER KOP UIT.

**Mooi so!! Al gaan dit soms gepaard met sosiale hervorming is dit eenvoudig 'n vereiste dat ons mans en dames ook om die eettafel moet kennis maak. En hoe het ons hierdie eerste een nie geniet nie. Ons gaste het dit werklik geniet. Bravo vir die Hoofdame wat met die voorstel voor die dag gekom het dat hierdie ou sakie gereeld moet plaasvind, en toe sy dit gestel het „dat dit in die toekoms elke Vrydagaand geskied” het daar 'n spontane byvalsbetuiging onder die dames opgedawer.**

Dink net! Ons is in die voorreg om weer ons maniere vir 'n slag op die proef te stel. My ma dreig elke keer om my met die volkies saam te laat eet, en dit omdat ek vir ou Billie hier van die hoek van die tafel af 'n sny brood oor stuur soos wie weet wafferse diskusgooier.

Maar hier duik alweer 'n probleem op. Die groot eters van Waterberg sê dat hulle skaam is om met hulle werklike aptyt voor die dag te kom as hulle oorkant by die dames gaan aansit. Maar ek glo nie dat ons enigsins as ooreters bestempel sal word nie; almal weet dat ons ses etes per dag eet: een by die koshuis en een by die restaurant, of te wel drie by die koshuis en drie elders. Vra maar vir Billie D. hoe hy die ekstra mielietjies verorber het. Nie te sleg nie, nê. Ek sou so dink ja. Ekstras is iets ongehoords hier in Heimat.

In elk geval. Baie dankie Salome vir die vriendelike uitnodiging. Ons het wel deeglik daarvan kennis geneem.

## *Mens*

*Soos 'n kromverdraaide*
*swarthaak, allenig tussen*
*heldergroen van denneblaar*
*sku wil vlug, so gaan*
*hy tussen mense-massa, in*
*sy oog 'n traan, die daglig*
*fel . . . 'n sug . . . .*

**Gelukkig die mens wat ideale het; maar wee hom wat net ideale het.**

* * * *

**Tensy anders vermeld is alle berigte opgestel en van opskrifte voorsien deur Ou Preller M. A. Koem Bek, p/a Mikro Heimatos.**

* * *

**Volgens mnr. Jan Visser, die S.R.-lid wat belas is met die neem van die brosjure hierdie jaar, sal dié eksamen op 16 Mei 1953 vanaf helf-nege tot half-twaalf in die hoofgebou plaasvind.**

# NUWE STUDENTESAAL GAAN 'N SIERAAD WEES

## *SITPLEK VIR 'N 1,000*

## *£10,000 Nodig Pukke*

In onderhoude wat met die S.R.-Voorsitter en Prof. D. J. van Rooy, voorsitter van die Grondekomitee, gevoer is, het dit aan die lig gekom dat die eerste sooie vir die fondament van 'n nuwe studentesaal aan ons Universiteit, nog in hierdie kwartaal omgespit gaan word.

„Dit het nou ten laaste 'n werklikheid geword, 'n ideaal wat jare alreeds deur elke P.U.-student gekoester is”, het mnr. V. E. d'Assonville, ons S.R.-voorsitter, aan ons meegedeel.

En hiermee is die bom, of liewer atoombom gelos.

Die Studenteraad stel hom ten doel om £10,000 in te samel vir die bou van die saal wat opgerig sal word tussen die ou studentesaal en die hoofgebou en wat van oos na wes sal lê.

Teen die einde van 1953 hoop die Studenteraad om ongeveer £4,000 te hê. Hiervan het hulle alreeds £2,000. Die ander £2,000 sal hopelik aangevul word deur die reserwefonds van die S.R. en bydraes van die Vreugdedag, Thalia en die Alabama.

**Tydens die afgelope Senaatsvergadering het Prof. D. J. van Rooy die volgende vyf punte i.v.m. die bou van die saal aan die vergadering voorgedra:**

1. **Die studente onderneem om die geld in te samel.**
2. **Die saal moet aan sy doel beantwoord, nl. dit moet 'n studentesaal wees.**
3. **Die Raad en Senaat sal die finale seggenskap hê oor die plek waar die saal opgerig moet word.**
4. **'n Argitek sal die planne teken.**
5. **Die studente sal gewilliglik ongeskoolde arbeid lewer.**

Wat verder deur die Senaat besluit is, is nog nie bekend nie.

**Hierdie nuwe studentesaal, waarvan Prof. Meiring die argitek is, sal sitplek bied aan 'n 1,000 persone—vir 700 persone onder in die saal en 300 persone op die galery. Die saal sal ook so gebou word dat daar later weer daaraan aangebou kan word en wel so dat daar aan die noordekant 'n kafeteria en verskeie kleiner vertrekke opgerig kan word. Onder die verhoog word daar 'n kelder gemaak sodat dit genoeg ruimte sal kan bied indien die stoele wat in die saal sal staan, daarin geplaas kan word.**

„Die saal het my verbeelding gepak. Dit gaan 'n sieraad wees”, het Prof. Van Rooy gesê. „Sodra ons die sketsplan ontvang het, gaan ons dadelik op ons eie al begin”.

En hiermee wens die rekasie van „Die Wapad” by voorbaat al 'n oproep tot die studentegemeenskap van Potchefstroomse Universiteit te maak om skouer aan die wiel te sit. Afgesien van die finansies wat nog nodig is vir die bou van die saal, behoort elke student sy volle gewig in te gooi en verwesenliking van 'n groot ideaal. As studente gaan ons trots wees op die saal wat ONS gebou het!!!

Mnr. J. H. van Niekerk is deur die S.R. aangestel om te dien as skakel tussen die S.R. en die senaat, rakende die bou van die studentesaal.

## Wat praat ek alles?

My hele lewe was vol skokkende episodes. Drie keer was ek gelê: een keer op die voetbalveld, een keer op die B-veld en die laaste keer was 'n lê in die veld in die Koreaanse Swartsmeer Oorlog, en ek moes heeltemaal nakend vlug en gaan lê net met 'n sakdoek, 'n sakdoek wat 'n gat in gehad het met 'n soom daarom heen.

En ek moes ook drie keer vreeslik hard hardloop. Al drie keer het ek 'n gedaante gesien wat soos 'n spook lyk. O, dit was hartverskeurend, broekverskeurend, spoedverskeurend, . . . ja, allesverskeurend.

Op vroeë leeftyd was my spykerologiese ondersoekinge van wêreld standaard. Ek was die objek van ondersoek van al wat sosioloog, argeoloog, zoöloog, blou oog, . . . aag sommer net oog, is. Hulle almal het in my gesien die “missing link” maar hulle moes tot die ontdekking kom dat ek slegs “missing” was. Ek was beskou as 'n stoetkolfie vanweë my subtiele instinkte en ondervoeding . . . . 'n peil wat ek vandag nog handhaaf in die losieshuise van die Russiese konsentrasiekampe.

Ek was ontsettend sterk, so sterk as 'n witrot. Toe die tenk se een linker voorwiel eendag uitval (en dit was weer 'n vaal grap wat hulle op my gespin het) het ek vir drie myl onder die as geloop tot by die naaste garage as as jy al die draaie uitsny en drie tree terug loop.

Op driejarige leeftyd het ek drie van my verstandtande op 'n verstandelose donkie uitgebyt van pure boosaardigheid. Daarna het ek een valstand na die ander ingesluk van pure plesier, eintlik omdat die tandgate te na aan my keelgat was.

Drie keer in my haas versnelde lewe moes ek lag. Die eerste keer toe 'n walvisbeer teen 'n meerkathings vasgeloop het toe die een die snelheidsgrens van 700 myl per uur oortree het, die tweede keer toe ek 'n grap moes vertel en toe vir 'n kruppel haas voor 'n verboepte bleek kafferbrak. Die haas is glo nou in 'n museum in Siberië te sien, dit was 'n verbastering tussen 'n pofadder en 'n kalbas volgens die stamboek.

## ***Caprivi-Toer***

Belangstellendes word hiermee vriendelik versoek om dadelik met Mnr. P. J. Lombard, Dagbreek, Stellenbosch in verbinding te tree ten einde volle besonderhede te verkry oor die toer van die A.S.B. na die Caprivi streek gedurende die komende Junie-Julie vakansie.

## N.U.S.A.S KONGRES.

Die volgende kongres van Nusas sal van 1 tot 14 Julie vanjaar in Kaapstad gehou word. Nie minder as 500 studente gaan hierdie saamtrek bywoon nie.

Die Studenteraad, bestaande uit verteenwoordigers van die geaffiliëerde universiteite sal die belangrikste deel van die kongres vorm. Hierdie raad trek gewoonlik die plan van aksie vir die komende jaar op. Onder andere word fakulteitskonferensies, uitstallings, balletuitvoerings, toneelopvoerings ens. gehou. Die kongres is glo oop vir belangstellendes om by te woon!

In die oomblik van oorwinning is die val die naaste aan jou!

* * *

Die lewe is seer kort, en tog het ons jou wrintiewaar nog tyd vir tydverkort!!!

* * *

Dr. Theron, president van die A.S.B. het besluit om die eerste stap in die rigting van huwelik te waag en wel aan die sy van Mej. Killa (of is dit „Killer?”) Esterhuysen van Pretoria Universiteit.

* * * *

**Uit die Privaatsak van die Vreugdedaghoofbestuur word berig dat dinge mooi aan die vlot is en dat die organisasie stadig opwerk tot 'n klimaks wat hopelik op 30 Mei bereik sal word.**

INGRAM SE BOTTELSTOOR
INGEVOERDE en KOLONIALE WYNSOORTE en SPIRITUALIEË

ED. L. OOMS,
N.S.T.O., N.V.V.O. (Ned.)
OOGKUNDIGE


BRILSPESIALITEIT
OË-TOETS OP WETENSKAPLIKE GRONDSLAG.
KERKSTRAAT 129
(Nasionale Bank-gebou)
Foon 980.
EIE OPTIESE SLYPERY.
Depôt: Carlzeiss-Jena.

## BENNIE KRUGER SÊ:

Verlede jaar het ons die voorreg gehad om die bordjies te verhan.g en ons gaan probeer om hulle op dieselfde plek te hou.

Aangesien ons verlede jaar net een Intervarsity geha het, wil ek diie Pukke verseker dat ons lank tyd gehad het om ons tande te slyp.

Dus Pukke, onthou ons jong klomp kom met mening en dit voorspel niks goeds vir julle nie, want ons gaan die bal rondgooi en oop Rugby speel en sonder inagneming van die uitslag, poog om die toeskouers te trakteer met voetbal uit die boonste rakke. Ek hoop julle speel lekker saam.



**ORG RAUTENBACH,**

**Voetbalkaptein.**




Johan Smit,

**Tenniskapt.**

Steyn de Jager,

**Tenniskapt.**



## *Welkom in Pukland, Outjies*

## *Nandie lei ons Vandag*



Foto: J. C. Potgieter.

*Aan alle Pukke wat vanjaar die voetbalstewels aan die voete geryg het en die trui oor die kop gegooi het: Sterkte en alle voorspoed vir die komende Intervarsity! Die Vrystaatse Universiteit val Pukkeland binne met nie minder as vyf spanne nie. Ek dink ons is reg vir hulle wat afrigting sowel as wind aanbetref en as elke Pukkie net sy plek volstaan behoort ons verlede jaar se nederlae die een na die ander te wreek.*

*Ja-nee Pukke die groot dag het aangebreek, lekker speel en die telbord sal in ons guns getuig. Nogmaals sterkte aan elke span!*

*ORG RAUTENBACH.*

### Jukskei.

Ons jukskeispelers is bly om die oukies in Pukkieland te verwelkom.

Ons sien baie gretig uit na vandag wanneer ons teen mekaar te staan kom; ons hou nie van grootpraat nie en ons gaan nie verloor nie!!

Sterkte oukies! Ons gaan lekker speel en ons gaan ook ons deel bydra om 'n skitterende sukses van die intervarsity as 'n geheel te maak.

L. J. POTGIETER.

### P.U. TENNISKLUB.

*Daar is vanjaar 'n besondere belangstelling vir tennis aan die P.U., en dus kan daar vir die komende Intervarsity 'n sterk span saamgestel word. Dit het dan ook geblyk met die tennis „proefwedstryde" wat gehou is op 25 April, waar die mededinging kwaai was. Van die ou garde wat weer terug is, is daar Hennie Coetzee en Ferdi Botha. Dan is daar ook nog van verlede jaar se ou spelers Bester en Hauptfleisch. Uit die eerstejaars-geledere het daar ook nuwe talent tevoorskyn gekom.*

*Wat ons dames betref het daar ook weer van die ou gardes terug gekeer by name Teresia Strüwig en Arina Kriel. Ons is seker dat die dames hulle deeglik van hulle taak sal kwyt onder die bekwame leiding van hulle kapteine Bets v.d. Merwe.*

*As in aanmerking geneem word dat die P.U.-tennisspan verlede jaar net-net nie die pyp kon rook nie, kan daar vanjaar 'n ander wending in die saak verwag word.*

*D. K. DE JAGER.*




ARCADIA
(oor Landbank)
**HAARKAPPER-SALON**
**Kerkstraat 53, POTCHEFSTROOM.**
**Van der Hoff-gebou( regoor Landbank).**
Dames- en Here-Haarkapper.
Vir u volgende permanente golwing besoek ons.
Foon 1269
**SKOONHEID EN NETHEID GEWAARBORG.**
STUDENTE WELKOM.

C. VAN DER MERWE,
**Kerkstraat 93,**
**POTCHEFSTROOM.**
Waarom sal jy loop as jy kan ry? ('n Vraag van Frikkie Fietsryer aan Fanie Voetganger).
BESPAAR TYD, KRAGTE EN SKOENE
deur
'n Fiets aan te skaf.

**ELKE DAG VARS!**
**TURKSTRA SE BAKKERY**
**BROOD en alle KOEKSOORTE**
Raadpleeg ons vir
BRUIDSKOEKE

J. TOD SUTTIE
KOMPLETE
Mans-uitrusters
vir al u
**KLERASIE EN ANDER BENODIGDHEDE.**
**127 Kerkstraat,**
**Posbus 219 Foon 1**
**POTCHEFSTROOM**

**KOM SIEN ONS—**
vir u
Fotografiese- en
Aptekersbenodigdhede
GEEN & VELLEMAN,
**KING EDWARDSTRAAT, POTCHEFSTROOM.**

**Ondersteun 'n Oud-P.U.Kaner**
**J. P. V.D. WALT,**
**L.F.V.**
**KERKSTRAAT 111**
**(Langs Ackermans)**
Foon 929,
**POTCHEFSTROOM.**
**Ek voorsien ALLES wat van 'n Apteek verlang word.**

**P.U. EERSTE MANSHOKKIE-SPAN:**

F. Botha, C. Schlesinger, J. Strydom C. Engelbrecht, B. Kruger, (kaptein),
P. Pretorius, P. de Wet, P. van Wyk,
J. Ligthelm, W. Meyer,
J. Jooste.

**EERSTE P.U.-DAMESHOKKIESPAN.**

S. van Schouwenburg K. du Rand, L. du Toit, K. Venter, L. Bekker, (kaptein),
C. Meyer, B. Kes, T. van der Merwe,
M. du Plessis, R. du Plessis,
L. du Plessis.



*WENA DE VILLIERS.*

• Adv. L. J. du Plessis is op 17 Maart 1953 herkies as President van die Konvokasie vir 'n tydperk van drie jaar.

Wena de Villiers,
**Korfbalkapte.**

*Pukkies, vandag is dit weer ons beurt om op korfbalgebied namens ons Inrigting kragte te meet teen die puik dames van die U.O.V.S. Kom, laat ons, ons naam hoog hou en hard en skoon speel!*

*Welkom Oukies! Kom, kyk hoe speel die Pukkies korfbal! Ons wens julle 'n aangename tyd hier toe. Mag julle, wen of verloor, die wedstryde geniet.*

## Leer hierdie les, Nusas!

Nusas is nou in die rug gesteek deur sy eie mense. Dis 'n belediging en 'n vernedering, meer nog, ook 'n morele en konstitusionele nederlaag.


D.F.E.



H. P. de Klerk,
**S.R.-Voors. en Hokkiekapt.**



Jackie Strydom,
**Hokkiekapt.**



*Outjies, vandag gaan julle 'n verrassing kry soos min. Wag maar en julle sal sien!*
*S. VAN SCHOUWENBURG,*
*(Kapte. Dameshokkie).*



*Bart de Wet*
**'n Bal sit aan sy hokkiestok vas.**

# *Ons Glimlag! Ons Wag! Ons Glimlag Weer!*

Met intervarsity voor die deur, is die rooi truie alweer opgesweep en reg vir die Outjies—en sommer baie reg ook, hoor! Daar is drie neerlae om te wreek en hierdie keer GAAN hulle gewreek word.

Ons ontmoet die Bloemfonteiners op eie bodem en dit spel alreeds gevaar, en met ou staatmakers van vorige jare in ons span—ek dink bv. aan Peet de Wet, kaptein van die 1952-span, en 'n doring van 'n speler, Johann Ligthelm, Piet van Wyk, ons klein skakeltjie maar man, Blackie Kruger, Charles Schlesinger en Wahl Meyer—kan die Outjies maar by voorbaat hulle kouse oor hulle koppe trek en teruggaan Vrystaat-toe. Ook die ander lede van ons span sal ons nie in die steek laaat nie en sal hulle plekke terdeë volstaan. Ons span is sommer wakker en agtermekaar.

Outjies, julle sal moet bontstaan om die rooi truie te keer (en as julle verloor moet jul verskoning nie wees dat dit te nat is in die Vrystaat en julle nie gewoond is aan ons droë velde nie).

Alle sterkte, Outjies—en geniet die wedstryd!

**JACK STRYDOM.**

# INTERVARSITIE - PROGRAM

## Saterdag 2 Mei, 1953

## WIE GAAN HIERDIE DERTIENDE INTERVARSITY WEN?

| | | | |
|---|---|---|---|
| 8 vm. | JUKSKEI | 2e MANSHOKKIE | 2e KORFBAL |
| 9 vm. | 1e DAMESHOKKIE | 3e DAMESHOKKIE (Gimnasiumbaan) | 3e VOETBAL |
| 10 vm. | 1e MANSHOKKIE | 1e KORFBAL | O.19 B VOETBAL |
| 11 vm. | 2e MANSHOKKIE. | | |

ETENSUUR.

| | | |
|---|---|---|
| 1.30 nm. | O.19 A | OP OLËNPARK A. |
| 2.45 nm. | 2e VOETBALSPAN | OP OLËNPARK A. |
| 4.00 nm. | EERSTESPAN | OP OLËNPARK A. |




**Studente!!!**

Vir al u
**HANDBOEKE,**
**SKRYFBENODIGDHEDE,**
**LEERTASSE,**
**GESKENKE, ENS.**
besoek ons en wees verseker van goeie diens.

**UNIE-BOEKHANDEL**
**(Edms.) Bpk.**
**KERKSTRAAT 90.**
**Foon 497.**

**Drink en Geniet**
**S & S**
**Super Dilla**
**en**
**Super Orange**
**Sherr & Shakinovsky**
**AUTO LAAN**
**Foon 16**


(Gedruk deur Die Westelike Stem, Potchefstroom).

# My Verkiesingsbeloftes

## „Persenol Statemint of Buckslaughter"

1. Ek sal die Wet op Sleep so wysig dat 'n man 'n dame minstens drie keer sal moet sleep. Maar:

(a) die snelle aanwas van Dubbeldore moet beperk word. In 1910 was hier net 8, vandag 1953 tagtig; 'n inter-universitêre ramp dreig. Ek loop al met 'n streep sak om my oë rond;

(b) elke sleepselpaartjie sal 'n binneveermatras op hulle bankie **hê**;

(c) 'n jaarlikse begroting van die S.R. sal afgepers word vir die oprigting van 'n ontspanningssaal met balke en 'n misvloer.

* * *

**deur OLLIE KITTANGSLATER,**

**L.V. vir Tarrentaal.**

(d) 'n oliepomp sal EK laat opsit waar elke Puk sy Kettang gratis kan kom olie voor wedstryde en ander **okasies!**

(e) elke fiets sal met twee (2) kittange voorsien wees om die oorgaan tot operasie meer te bespoedig en EK sal kouse laat fabriseer met 'n sakkie daarin waarin u die kittange kan bêre;

1. U is die volk van oormôre. Die Bokslagter Party het die land in chaos gelaat. Stem vir my om weer te kan stem. Ek word nooit moeg om beloftes te maak nie. Stem dus reg.

**CAN YOU IMAGINE:**

**Oupa Gutter:** As a Member of Parliament.

**Salome Erasmus:** Visiting her Grannie in Venus by a flying saucer.

**Van Dalsen:** Taking his girl-friend to a night club.

**Welma Lessing:** In "shorts".

**Alwyn Malan:** As a judge on a baby show.

**Charl Jooste:** Chosen as the famous actor of the year.

**Juliana v.d. Ahee:** Taming the lions at Boswell's circus.

**Thys Human:** As a famous toreador.

**Wintie van Niekerk:** As a hermit.

**Annalie Steyn:** Working in a jam factory.

**Herklaas Swart:** As a Sunday-school teacher.

**Gert v.d. Berg:** As a "cased" man.

**Anette Vorster:** As a moonbeam.

**Tokkelok:** As a missionary in darkest Africa.

**Spekkie v.d. Walt:** Posing as a model for an artist.

„Een van der Waalt Tokkelok boer in Heimat se telefoonhok en perbeer oor die draad te vry oor hy nooit 'n date kan kry".

Sê groete vir die Outjies as hulle nog kom.

Sela.

SAREL.




**Donkie op H:** „Tall, dark en Handsome", 'n man wat vir niks in die dameskoshuis stuit nie. Ek is sommer baie ernstig. Nog altyd het ek onrus en verlange se diep getye geken en ongeduld; om ankerloos gespoel te word deur drange wat altyd duister bly en onvervuld!! Besit pragtige Ipana "smile" en paar vetkoek voete en oortjies wat soos oorryp pere langs my slape afhang. Ongekys daarom wil ek graag sleep, . . sonder bymotiewe, 6vt. 0½dm.

* * *

**Skottelploeg, model D.F.E.:** Aantreklik jong ploeg met stel plagtige tande, ongeveer 21 Somers. Verlang korrespondensoe van jong Bulldozer met die geaardheid van Liza That My Baby is., om my deur die akkers vanaf Die Dam tot op die B-veld te sleep. Foto van bumper asseblief?

* * *

**Witrot op Wiese:** Soek 'n beeld van 'n dogter (Pasop Koeke), met 'n hanslam geaardheid, pikgiet swart hare met die oog op persoonlike ontmoeting. Hy is persoonlik vriende met Malenkov, fyngevoelig, ken sewe kaffertale insluitende Fanakalô, afskaffer, voel baie en innig eensaam. Sy hart pomp moer van pre-ongelukkigheid.

**Geldskieter op Lindesdrif:** Vader vna vele, verfynde sleper, hanteer tans finansies van die S.R. Instituut. Stel belang in rofstoei, aasvoëljag, motorresies en tennis. Besit sterk paar kuite. Kiekie welkom. Regtig ernstig.

**Hoofseun, kaptein Xhtokot van Bangwangwatostam:** Aantreklike voorkoms, simmetries gevormde voorkoms met paar skottelploeg ore. My meisie verloor deur die ewige driehoek, daarom lol ek nie met ander manne se heldinne nie. Sober en rein. Kiekie met eerste brief. Kortsnoet geaardheid, minlik en innemend. Dra Harris Tweed.

* * *

**Mies Universe alias Christine Jorgensenn:** Ek is gelukkig nog 'n mansmens, gebruik egter reeds al Toni indien die noodlottige dalk kan gebeur. En voordat iets gebeur met my volgende operasie (blinde derm) moet u tog asb. vir van Dalsen in kennis stel. Ek vermoed dat ek dan as volg sal lyk: goue lokke, boomklim tande, strykyster voete, mannekyn agtig, droom oë, chlorofiel speeksel, stoetmerrie vir die Joelaai en my bene sal atleties voorkom. Tans poseer ek vir spotprente in die Sarie Marais. Saggeaard en welopgevoed. Rus sies gesind, pê!




Molenstraat 24,
Potchefstroom.
25 April, 1953.

Geagte Redakteur,

Vanmôre (25 April) het die A.S.B. weer sy jaarlikse self-opgelegde taak verrig, nl. om die Konsentrasiekamp-kerkhof te skoffel. Van die senior studente was daar bloedweinig: van die ouhere was daar omtrent 20 (as dit soveel was), en van die oudames was daar seker nie eers 5 nie. Verder was daar net eerstejaars.

Ek wil nie onderskeid maak tussen ouhere/oudames en eerstejaars nie—ek rig my tot alle studente as Afrikaners. Waar gaan ons heen? Wat word van ons volksbewustheid? Het ons vergeet van die smarte wat geheers het in die konsentrasiekampe tydens die Tweede Vryheidsoorlog? En nou is ons, as afstammelinge van daardie stoere Volksmoeders nie eers gewillig om 'n geringe blyk van waardering te betuig vir die lyde en smarte wat daar plaasgevind het om weer 'n vry nasie te word nie, vry van die juk van Groot Brittanje wat soos 'n Imperialistiese monster die Afrikaner-nasie wou onderdruk! Maar as ons die Kerkhof elke jaar skoffel, dan is dit ook 'n geringe dankbetuiginng aan God dat Hy ons volk so getrou onder Sy Beskerming geneem het, en is dit selfs nog te veel gevra van u as Afrikaners?

Laat ons, elkeen vir onsself, baie ernstige rekenskap gee van wat ons houding ten opsigte van hierdie saak sal wees. Hierdie geringe daad van ons kant af, is waarlik die minste wat ons kan doen om ons dankbaarheid te betoon vir al die kosbare offers wat vir die vryheid van die Afrikaner-nasie op die altaar gelê is.

Ek dank u vir plasing.

Die uwe,

J. VISSER.

**Jan Bach op X Klubstad:** Oujongkêrel (24) soek 'n korrespondent, verkieslik 'n dame 16-66. Hou van boere en Klassieke musiek, diploma in dans uitgereik deur X klub. Lief vir vroeg opstaan en humoristies georienteerd.

* * *

**Bokslagter, via Theos:** Dikkvellige dog besonder aantreklike mooi jongman, lief om piekfyn uit te vat. Grootste karaktertrek: kan geheim bewaar. Ongelukkig gekys! Egter besied met idealisme. Gebore onder Capricorn die Bok.

* * *

**Bouvallig, PGL:** Geskeide man en soek geskeide doortjie. Lag heeldag en het sonskyn geaardheid. Uithaler brugspeler, hart vreet stronke as hy 'n rokkie sien. Haat flirteerdery.

* * *

In Thaba Jhê word elke aand gratis lesings gegee oor die fyn tegniese puntjies van die spykero logiese wetenskap. Vir getroue bywoning is aan die volgende persone elk 'n diploma oorhandig:

Susan Snyman (met lof).

Kato Naude (gewoon).

Bettie van Eck (spesiale vermelding).

* * *

Op die V.V.O., so kabel ons spesiale verteenwoordiger, is gerugte in omloop dat die Asvoëlklub die beheer van die Koshuise gaan oorneem. 'n Staatsgreep word vermoed. Tant P. pak glo reeds haar koffertjies. Ander beherende faktore gaan die see ingejaag word!

Potchefstroom.

Haail Selassie!

Mensdom, maar is dit 'n bedrywige wêreld die van ons! En om te dink dat ons kinders en kindskinders dit moet oorerf!

Eers toe stem ons vir die Nattes, en toe hou hulle nie eers vir ons 'n partie nie en toe hou ons maar vir onsself een. En toe kom die trein en toe gaan ons almal kyk hoe lyk ons nuwe president.

Maar van trein gepraat! Ek

(Vervolg in kolom 5).

Dawie du Plessishuis.
22-4-1953.

Waarde Heer,

Dit is met diepe leedwese dat ek hierdie skrywe tot "Die Wapad" rig. Dit is egter 'n geval van veg tot die dood. Dit word weer toetstyd. Twee toetse wat bepaal is om bepaalde Woensdagaande om 7 nm. afgelê te word het my beweeg om na die pen te gryp. Nou vra ek: wanneer kan cns aan studente aktiwiteite meedoen. Ek reken dat die dag lank genoeg is vir toetse. Maar ek sien dat hulle (die personeel) die studentegees van ons wil ontneem. Dit word op ons afgedwing. Maar genoeg hieroor.

Die eerstejaars leef in vreemdelingskap hier. Ons (u bedoel seker die ouhere, Red.) word nie meer gegroet nie. Hulle meen seker dat ons almal op Tarentaal kuier. Slegs as 'n oudame of ouheer 'n kleurbaadjie aan het word hy gegroet.

Die uwe,

P. S. STRÜMPFER.

Heimat,
P.U. vir C.H.O.,
Potchefstroom,
24 April 1953.

Die Hoofredakteur,
„Die Wapad",
Universiteit.

Waarde Heer,

Ek gaan kort en kragtig wees. Ek gaan nie veel sê nie, al wil ek. Ek kan veel sê, maar ek wil nie. Ek gaan nou net agiteer. Ek doen dit namens 'n nuwe hoofliggaam wat hier ter koshuis gestig is. Oor die onderliggame gaan ek nie nou praat nie.

Kyk, mnr. die redakteur, ek het besef dat daar nou 'n einde gemaak moet word aan die min sleeptye in die dameskoshuise en daarom het ek drie van my medestudente, genader en ons het 'n nuwe liggaam gestig. Dit is eintlik meer 'n bond as wat dit 'n liggaam is. Hierdie bond word hierna genoem die Linkervleuel, d.i. die vleuel wat in opstand kom teen die min sleeptye, meneer. Ons ledetal groei nou vinnig aan en daarom het ons alreeds 'n konstitusie opgestel. Dit kom kortliks daarop neer dat slegs persone wat in „Kulu" en „Jäh" sleep aan hierdie bond mag behoort. Ons stel ons verder ten doel om elke aand tot tienuur te sleep behalwe Saterdagaande wanneer ons dit tot eenuur Sondagoggend wil hê, en Sondagaande wanneer ons dit tot 12-uur middernag wil hê.

Om dit in 'n paar woorde namens myself te sê, meneer, ek kan net nie meer so min sleep nie.

Dankie,

Berend (DD.) Pienaar (voors.),
namens die bestuurslede:
Dalu van Dalsen, Lappies Labuschagne en Daan Coetzer.

Heimat,
P.U.,
23 April, 1953.

Die Redakteur,
„Die Wapad",
P.U.

Waarde Heer,

Die sakie wat ek in hierdie brief gaan aanroer is vir my as sportliefhebber 'n baie tere. In die vorige uitgawe van „Die Wapad" moes ek lees dat studente van ons Universiteit 'n bohaai daaroor opgeskop het dat ons koerant „ou berigte" opstel oor sport en veral oor wedstryde. Hulle kla dat alles „ou nuus" is en dat hulle alles weet wat aangegaan het op dié sportvelde. Maar, mnr. die redakteur, ek kan hier verklaar dat 90% van ons studentetal nooit weet wat op die sportvelde aangegaan het nie, behalwe op die rugbyveld. Hulle loop en kerm oor „Die Wapad" se berigte maar as ons dieper op die saak ingaan sal ons vind dat dit juis daardie persone is wat nooit langs 'n sportveld, om nie eers te praat van op 'n sportveld nie, gesien word nie. Die ander wat wel ietwat belang stel, lê weer net langs die rugbyvelde. Waarom kan hulle nie ook 'n bietjie—en ek lê klem op die „bietjie"—belang stel in ons inrigting se ander sport-aktiwiteite nie? Waarom sien ons hulle nooit langs 'n jukskeibaan, of 'n hokkieveld of 'n korfbalbaan nie?

Nee, mnr. die redakteur, ons studente is te lui en te laks om daardie „moeite" te doen om van hulle beddens af op te staan en na ALLE sportitems te gaan kyk en hulle ondersteuning te bied. Waarom kan hulle nie Saterdagoggende langs die korfbalbaan en jukskeibaan gevind word nie, en in die middag weer langs die tennisbane en hokkievelde nie?

Ek sê ook maar net: „Quo Vadis?"

Dankie,

SPORTLIEFHEBBER.

moet julle eers iets vertel van 'n trein, van 'n goods-trein met baie trokse en motors in die trokse.

Een agtermirrag, nie so lankgelede nie, so om en by kwart-oor-dinertyd toe kom daar 'n trein by Cachet verby, en dit het Jan verwag. Hy het entlik twee goete geweet: dat daar 'n trein kom en dat hy dan sy kans moet vat. En hy het hom gevat: in die wagkamertjie. net toe die goods verby kom, toe soen hy sy meisie op haar mond en toe dink hy ek het hom nie gesien nie, maar ek het. Dis al wat ek weet van die „goods", maar dis ok genoeg, want ek weet ok wat Jan se nooiensvan is, maar die sê ek nie! Nooit!

My oom Rassie is ok gekys. Hy het daarvoor 'n meisie nodig gehad, en toe kry hy haar en toe kys hy en nou spyker hulle al.

Netnou toe praat ons so van verkiesings en parties en goete en toe dink ek nou die dag toe pie-pie-pie-peep, pie-pie-pie-pieep die draadloos so en toe sê die oom: „Die Osfontein se radelose-stasie wat hier omroep. Hier is die uitslag vir die kiesafdeling Tarentaal: Oupa Gutter (snr.) is cnbestrede verkies in hierdie kiesafdeling" (dus met 'n meerderheid van al die beskikbare stemme.—5.) Langs hierdie weg wil ek dan ook hulde bring aan 'n groot staatsman en vir die Theos wat in hom 'n groot krag verloor wil ek sê: „Hou goeie moed, julle sal seker darem altyd 'n ander vlagman kan kry". (Nou kan julle maar sing: „Hy lyk vir my so baie . . ."!)

„Wyn Woeman en sing-songs." So lui die opskrif van 'n nuwe poëem van 'n nuwe poëet wat soos 'n ster hier na ons toe verskiet het. Hier is die poëem:



*IN MEMORIAM.*

**REKTOR P.U. VIR C.H.O.: „Hy was 'n man met 'n fyn en subtiele gees. Ons hele gemeenskap is in rou en somberheid gedompel . ."**

**PRAETOR, T.S.V.: „Hy was ons intieme vriend, met 'n begeerte om te verstaan en ons sorgsame raadgewer. Hy was 'n nougesette wetenskaplike. Hy was 'n man met 'n onweerstaanbare drang om te getuig van Christus. Nooit het hy geskroom om die Here se Naam te dra nie".**

**STUDENT: „Wie kan sê of om te lewe nie eintlik is om te sterwe nie, en om te sterwe is om te lewe nie? (Euripides). Ek kan alles nie glo nie. Dis vir my so onverstaanbaar. Ek kan nie, ek kan dit alles nie rym nie. Die mens is soos die gras . . ."**

# WYLE
# *PROF. DR. B. J. DE KLERK*

**Op 21 April 1953, het 'n swaar slag die Teologiese Skool getref toe die dood Prof. Dr. B. J. de Klerk van ons vir altyd geskei het. Na 'n onlangse besering aan sy hand het bloedvergifting ingetree. 'n Week voor sy dood het hy 'n aanval van Trombosis gekry waarna hy stadig swakker en swakker geword het totdat die dood eindelik ingetree het.**

**Prof. de Klerk het slegs een enkele jaar die professoraatskap beklee. In die korte tydjie het hy hom getoon 'n nougesette wetenskaplike te wees, 'n ernstige denker en 'n ware teoloog.**

## BAREND JACOBUS

**de Klerk is op 22 Augustus 1904 te Burgersdorp (K.P.) gebore. Sy hoërskoolopleiding het hy op die Gimnasium Hoër (Potchefstroom) ontvang waarna hy hom van die P.U.K. vir C.H.O. en Teologiese Skool vir die leraaramp bekwaam het. Aan genoemde inrigtings het hy die grade B.A., B.D., M.A., en proponentseksamens verwerf. In 1937 promofeer hy tot Doctor in die Godgeleerdheid aan die Vrye Universiteit met die proefskrif: „Die Vorme en Karakter van die Biblisisme". Prof. De Klerk het met die begin van die tweede kwartaal 1952 tot die personeel van die Teologiese Skool toegetree. Van die begin van hierdie jaar af het hy die rektorskap beklee, met groot toegewydheid.**

**In die enkele jaar wat hy hier werksaam was het hy getoon dat hy intiem belangstel in sy studente en in hulle vordering. Daarom kon hy so hard tugtig as die leisels slap geword het. So het een van sy studente 'n ekstra klas nie bygewoon nie, en nadat hy hom deeglik die erns van die lakheid op die hart gedruk het—en hier lê sy ander groot karaktertrek—het Prof. de Klerk sy student genooi om saam tuis gou 'n koppie 11-uur tee te gaan drink. Hy was 'n groot man . . . en die nederige onder die nederiges.**

**Ons mis hom. Die Teologiese Skool is sonder hom nie dieselfde nie.**

**„Die Wapad" treur oor sy heengaan en simpatiseer met sy agterblywendes.**

# *Bekentenis*

*In die felle sonlig*
*kon ek u nog*
*beveg, kon ek nog*
*tartend lág vir die*
*geloof in dit wat*
*nie bestaan . . . Maar toe*
*dit nag word het*
*u gekom, die wurggreep*
*van u krag . . . wat kon*
*ek doen as oorgee, of*
*sterf, alleen . . . .*

*CHARL.*

## Buitengewone Meriete-beurse.

Die Raad het besluit om buitengewone meriete-beurse in te stel vir matrikulante wat vyf of meer onderskeidings in die matrikulasie-eksamen behaal het. Hierdie beurse maak voorsiening vir 'n som van £50 en sluit die gewone meriete-beurse in. A. Brink en J. J. Henning het reeds hierdie beurs verower.

* * *

Die Uitvoerende komitee van die Suid-Wes Administrasie het 'n bedrag van £2,170 beskikbaar gestel om te verdeel onder die Suid-Afrikaanse Universiteite. Die basis van verdeling sal in 'n regstreekse verhouding staan met die aantal Suid-Wes studente wat aan elke Universiteit studeer.

* * *

Mejj. S. le R. Serfontein, E. F. L. van der Berg, en S. van Schouwenburg is benoem as studentehulp vir nasienwerk in die departement Engels. Hierdie nasienwerk wat deur studente gedoen gaan word, dien as die proefneming vir 1953.

* * *

Madame N. Papé, verbonde aan die Musiek-konservatorium, het die besondere hoë onderskeiding te beurt geval deurdat die „Fellowship of the Royal Academy of Music" aan haar toegeken is. Sy is die tweede Suid-Afrikaanse dame aan wie hierdie toekenning gemaak is.

S.v.S.

# *CHRISTELIKE POLITIEK NOODSAAKLIK*

## Wêreldherstel tot Taak.

**Die begrip „politiek is by baie mense nie te populêr nie. Vele, en met name belydende Christene, sin in die politiek niks anders as 'n demoniese spel nie, 'n spel waarin alle kragte saamgesnoer word om die gebod van God te oortree. Gevolglik „bemoei" hulle hul nie met die politiek nie.**

**So 'n houding is egter onvrugbaar maar juis ook on-Christelik. Die politiek bemoei hom juis met dié Christene ook. Onjuis, omdat die politiek deel uitmaak van die wêreldgebeure; en dit is 'n skepping van God wat berus op Sy Wetgewing.**

Politiek val op die terrein van die staatsaktiwiteite en die staat is 'n instelling van God terwille van die sonde. Na die sondeval wou die mens blykens die toringbou van Babel die oorspronklike eenheid van die menslike geslag op aarde handhaaf, maar God het hierdie werk verydel deur spraakverwarring. Hierdeur het die volkerewêreld ontstaan aan wie God owerhede gegee het om die deurwerkinng van die sonde te stuit. Dit blyk uit Rom. 13: 1-7 dat die staat deur God ingestel is. Sy taak is onder meer: handhawing van die reg, en deur die taak het die politiek in die bestuur van die staat tot stand gekom.—Dit wat betref die Christelike siening van die politiek.

Wat die verhouding betref tussen politiek en Christendom verrys die vraag of die Christendom met betrekking tot die bestuur van die staat, deelname daaraan en die uitoefening van invloed daarop wel ander beginsels mag aanvaar en 'n ander gedragslyn moet volg as diegene wat die Woordopenbaring verwerp.

Die Christendom bely God die Skepper, sondeval, verlossing, wederopstanding en die herstelling van alles deur die genade van Christus. Daarom het die Christendom 'n boodskap aan alle lewensverhoudinge. Dit dra die blye boodskap van verlossinng en erken tewens dat die hele menslike geslag onder die gesag van God val. Dit roep die Christen tot gehoorsaamheid.

Alle teoretiese en praktiese politiek moet na die eis van die Christendom sy uitgangspunt vind in die erkenning van die volstrekte Soewereiniteit van God. Die al of nie erkenning daarvana is beslissend vir die opvatting van die taak, bestemming en die rigting van die bestuur van die staat. Saam met Kuyper roep ons uit: „Geen duimbreed is er op heel 't erf van ons menschelijke leven, waarvan de Christus, die áller Soewerein is, niet roept: ‚Mijn!' (Soevereiniteit in eigen kring, Bls. 35).

J. Schouten maak gewag van 'n drietal standpunte in sy artikel, „De gevaren van de geestelijke ontwapening der Christenheid op het gebied van den staat".

**Ten eerste, wêreldvermyding:** Die aarde is terwille van die mens vervloek en van God geskei, het onder Satan se mag gekom en daaronder gebly, en nou moet die verloste Christen hom van die vervloekte aarde onttrek. Dus ook geen bemoeienis met die politiek mag hê nie.

**Tweedens, wêreldaanvaarding:** God is geskei van die wêreld (in Deïstiese sin) sodat die wêreld die domein van die mens is wat buite sonde en verlossing val en dus deur die mens aahvaar kan word as sou daar geen (Goddelike) ordinansies vir die lewe verorden is nie.

In die derde plek noem J. Schouten die standpunt van wêreld herstel: God het Sy skepping nie verwerp nie, daarom is dit die mens verbied om dit te doen. Dit is die skepsel se taak om die geskapenheid te laat beantwoord aan die deur die Skepper daarvoor gestelde orde. Alle wêreldvermyding, hoe vroom ookal bedoel, en alle wêreldaanvaarding is vanweë die dualisme waardeur die lewe van die wêreld aan die Soewereiniteit en Wet van God onttrek word, in stryd met Gods Woord.

**Wêreld herstel** is die enigste juiste beskouing. „Daarom te meer dat de positief christelijke kringen, . . . die het staatsleven den band van het Woord aanleggen, dat zij zig uitspreken voor de noodzakelijkheid van christelijke politiek", aldus Schouten.

**P. G. W. DU PLESSIS.**

# *Golgotha*

*Onder om die kruis*
*Tussen plasse bloed*
*Het bleekgroen spruitjies een*
*Vir een deur die klippe*
*Gebeur, waar u*
*Eens moes sterf o, Heer,*
*Daar groei blomme*
*Nou, en buig stil*
*Voor u voete*
*Neer . . . .*

*CHARL.*

# *Verskil*

*Toe is die vrou gemaak*
*Uit vlees, polsend*
*Vol van lewe. Te*
*Gou het sy die man*
*Oorheers, gemaak uit*
*Stof wat gladnie*
*Lede . . . .*

*CHARL.*

## Reisiger na Nêrens.

**Prof. H. J. Straus skryf van die ontstamde naturel as volg: „Die beskawingstoestand van hierdie rypgedrukte, gewesterniseerde en selfs geleerde naturel lewer 'n drogbeeld—erg verskeurd en bont gelap. Op 'n pad van beskawingsontwikkeling is hy voorwaar nie. Nee, hy is maar net deur die suigkrag van die blanke beskawing, veral ons tegniek en moderne masjien kultuur uit sy Bantoebodem weggeruk—'n reisiger na nêrens' ".**

# BROSJURE-EKSAMEN

**Op Saterdag 16 Mei 1953 word die Brosjure-eksamen geskryf. Hoeveel van ons eerstejaars besef wat hierdie eksamen vir hulle beteken? In die verlede is die Brosjure-eksamen as 'n grap opgeneem, en eers wanneer die mense sien watter voorregte hulle ontbeer as hulle die Brosjure-eksamen nieslaag nie, dan kom die spyt, maar soos gewoonlik te laat.**

**Sonder Brosjure kan iemand nie stemreg verkry nie, en sonder Brosjure kan iemand nie kleure verkry nie. Maar dit is die minste: Iemand is eers dan waarlik 'n volwaardige P.U.-student, wanneer hy die geskiedenis van sy Alma Mater ken, en wanneer hy weet hoe sy Studenteraad en ander liggame saamgestel is, en hoe hulle fungeer.**

U, geagte dames en here, wat vanjaar eerstejaars is, sal die seniors van die toekoms wees, en watter soort seniors sal u wees as u nie eers die geskiedenis van u Universiteit ken nie? As u nie weet hoe die Studenteraad en sy onder-liggame saamgestel word en fungeer nie?

Laat u die erns van die saak besef, en doen u bes om van die Brosjure-eksamen 'n sukses te maak. Ons as senior-studente wil graag weet dat ons Alma Mater in goeie hande is wanneer ons hier weggaan, en u as eerstejaars het nou die geleentheid om aan ons te toon dat u die posisies wat nou deur die Ou Vaders en Ou Moeders met sorg en ywer gevul word, waardig sal kan volstaan as u daartoe geroep word.

J. VISSER.

*Die vere maak die voël,*

**STAVAST**

SE KLERE

*maak die man.*

**Van der Hoff-gebou,**

**Kerkstraat,**

**POTCHEFSTROOM.**

BLITZ DROOG-SKOONMAKERS

**Die Afrikaanse saak vir Afrikaanse Studente.**

Vir u gerief bestaan daar Ontvangs- en Afleweringsgeriewe in al u koshuise.

**„BLITZ"—die woord vir DROOGSKOONMAAK.**

**Nywerheidsgebied,**

**Telefoon 789, Potchefstroom.**

# Ontwikkelingsgang Van Pierneef In Uitstalling

**Dit gebeur nie aldag dat 'n mens 'n kunstenaar se hele ontwikkelingsgang in een uitstalling sien nie. Maar vir diegene onder ons wat wel verlede kwartaal na Pierneef se werk gaan kyk het, het 'n verrassing op die lyf geloop. Ek altans was met die eerste indruk teleurgestel. Instede van die pastelkleurige, glanslose, helderomlynde landskappe met majestueuse wolke en kremetartbome, soos ek Pierneef maar ken, was daar 'n reeks buitelandse tonele (veral uit Holland) en selfs enkele ietwat tegniese potloodtekeninge.**

Dit het nogal 'n tydjie geneem om die verband tussen sommige van hierdie werke en Pierneef te vind. En tog was dit uiters interessant om die ontwikkelingsgang van een van ons grootste skilders so na te gaan. Dit het naamdlik geblyk dat die 56 werke wat tentoongestel was 'n chronologiese ontwikkelingstreeks was van werke vanaf 1899 tot 1953. En soos 'n mens dan van jaar tot jaar die ontwikkeling sien—en dit was 'n ontwikkeling—merk jy naderhand die ontstaan van verskillende van die eienskappe wat die naam Pierneef wêreldbekend gemaak het.

So merk 'n mens dan aan die begin van Pierneef se loopbana slegs die gewone tegniese potloodtekeninge wat 'n mens maar by meeste van die jjong kunstenaars teëkom of is dit dat 'n mens reeds die eerste uitstalling hier, 'n trekkie van die latere kubisme opmerk. Die vroeë jare van Pierneef was, te oordeel na die uitgestalde werke, 'n tydperk van proefnemings met die reeds bestaande kunsrigtings. So vind ons in sy **Uniegeboue** en **Bankstraat** twee voorbeelde van verskillende impressionistiese rigtings, veral lg. staan duidelik onder die invloed van die hedendaagse Franse impressionisme, waar groot gedeeltes van die doek totaal onaangeraak is. Ook by sy portret van Pieter Wenning is daar 'n grootskaalse uitskakeling van detail.

Dit blyk verder dat Pierneef reeds van jongs af aan hom aangetrokke gevoel het tot die uitbeelding van boompies.. In sy **Boomstudies** wat meer as 50 jaar gelede geteken is kom dit ondubbelsinnig uit. In hierdie studies sien one die voorlopers van die latere karakteristieke dóringboom.

Van die latere werke wat in Holland ontstaan het, herinner sterk aan tUrille.

Maar dit is eers by uitstalling Nr. 37, die **Skimmelyerd se Pan**, dat ons die Pierneef wat ons ken, sien, nog ietwat onseker, maar onmiskenbaar. Veral die kolossale wolke wat hier vir die eerste keer verskyn, is treffend. **Daressalaam** is die eerste werk wat 'n doelbewuste strewe na kubisme toon. Weereens word die grootste gedeelte op die doek aan die ronde, swaar wolke afgestaan.

Wat die vormgewing betref, het Pierneef blykbaar teen hierdie tyd sy rigting gevind, 'n rigting wat hierna met groot verbeelding en beheersing voortgesit word; en van nou af eksperimenteer die kunstenaar met kolrisme, iets wat hy tot nog toe nie op die voorgrond gestel het nie.

Sy **Wildepeerbome** is heelwat helderder as wat ons dit vandag van hom sou verwag. Die oorheersende kleur is geel en hier is ook een van die uitsonderlike gevalle waar Pierneef vernis aan die doek gebruik het, blykbaar slegs om die uitwerking daarvan op die helder kleure te toets.

**Bosveld** is 'n rooi herfstoneel. Die afwesigheid van vernis gee hier 'n glanslose maar kleurryke toneel.

**By Goldengate, Oranje Vrystaat** is heelwat gekunsteld. Dog dit is 'n interessante samestelling van bykans al die eksperimente wat die kunstenaar tot dusver gemaak het. Ons vind hier uiterste kubisme gevorm deur vertikale en diagonale lyne met uiters tien kleure.

**Die laaste paar skilderstukke stel gelyktydig die hoogtepunt van Pierneef se ontwikkeling maar ook 'n trek van verval. Ons het hier uiteindelik die Pierneef wat ons in die Johannesburgse stasie sien, bereik. Ons het hier die matige kubis met besadigde kleure wat tog te goed daarin slaag om die milieu van die natuurtonele karakter te gee.**

**Dit is deur jare van studie dat Pierneef hier instaat is om die bosveld wat ons sien om te skep in die bosveld wat ons graag wil sien terwyl ons self nie daarvoor die oog het nie.**

**Terselfdertyd blyk dit egter, veral in die werke wat vanjaar en verlede jaar geskilder is, dat Pierneef weer 'n eksperimentele stadium betree. In sy KAROO 1953) vind ons nie meer die kenmerkende diepte en hoogte nie. Die beeld is vlak. Daar is 'n nadruk op die op die horisontale, die skaduwees is lig en die berge is nie meer duidelik omlyn nie nieteenstaande die feit dat die kleure baie kontrasterend is.**

**Wie weet! Uit hierdie nuwe ontwikkeling tree daar straks 'n nog groter Pierneef tevoorskyn as die bekende individualis!**




## UNITA P.U. SE GESANT.

Toe die 100 neefs en niggies op 17 April op 'n volkspeletoer met die Carnarvon Castle na Europa vertrek het, kon die Pukke die bors ver uitstoot want ons eie gesant in die persoon van Unita Scheepers was een van die groep.

Verblydend is die feit dat 'n rolprentopname van die toer gemaak sal word sodat ons wat agterbly darem 'n indruk gegee sál word van die welslae daarvan.

Vir een **NET HAARSNIJ**,
(Dames en Here)
„DIE BULT HAARKAPPER"
**55 TOMSTRAAT. Foon 1486.**

## Quo Vadis nie Onsterflik

**Vir bykans drie jaar het die wêreld gewag vir die ontsaglike rolprent van alle tye, Quo Vadis. Ons het gedurig gehoor van miljoene Romeine, leeus, dooie Christene en verbrande huise. Q.V. is as kolossaal beskryf, en dit is ook al wat dit is.**

Die film is slegs as baie goed te tipeer, en die ophef is nie geregverdig nie. Maar televisie is vir al hierdie moeilikhkede verantwoordelik!

Die Amerikaanse filmmagnate het gesien dat televisie die rolprent eenvoudig gaan verdring En toe is besluit om hierdie sg. magtigste poging aan te wend om die rolprent weer in sy ereposisie te herstel teenoor televisie. Die advertensieveldtog het byna net soveel as die film gekos, en tog is die kool die sous nie werd nie. Q.V. is 'n kolossale finansiële verlies, vandaar die verhoogde toegangspryse.

**Peter as Nero.**

Die subtitel „Die lewe van Nero" sou pasliker gewees het as „Die vervolging van die Christene". Hy vertolk die rol meesterlik en was dit nie vir sy briljante weergawe van die kinderagtige en waansinnige Ceasar nie, sou die rolprent werklik geen subjektiewe waarde gehad het nie. Na Nero sou ek Pretonius as die geslaagste rolvertolking plaas. Dit is moeilik om te sê wat nou juis van Robert Taylor se rol gemaak moet word. Hy kon net sowel Ivanhoe of enige ander held gewees het. Die Amerikaners sien alle helde tog maar as een en dieselfde karakter.

Tiepies Hollywoods is byvoorbeeld die geveg tussen die reus en die bul in die arena terwyl die arme Lygia nie juis te bevrees is nie en Marcus Vinicius, aan 'n paal vasgemaak, die hele affêre moet aanskou.

Ook die feit dat die held die heldin verower en die reg seëvier is maar soos ons dit gewoond is. Indien die heldin getrou aan haar geloof soos die ander Christene in die hande van Nero omgekom het sou die subtitel geregverdig gewees het!

Die verhaal is egter 'n baie geslaagde aanpassing van die historiese feite.

Dat die rolprent beslis goed is lei geen twyfel nie, maar die ophef wat daarvan gemaak word is misleidend.

• • •

**STUDENTE!!!**
Besoek mnr. N. v.d. Walt
vir Skoenreparasies
**kerkstraat 51,**
(regoor Queen's Hotel).




**Net Rembrandt het die „Golden Throat"-filter**

STANDAARD GROOTTE 1/5 VIR 20. 3/6 VIR 50. VAN RYN-GROOTTE 1/9 VIR 20

Kopierez. RFA.6x

## Op Die Voorgrond . . . .



Mnr. C. M. Wimmers

„As ek sê dat Potchefstroom vir my 'n besondere mooi dorp is en dat ek geweldig onder die indruk van julle pragtige land gekom het, druk ek my baie swak uit", het Mnr. C. M. Wimmers, tans senior lektor in die regte aan die Potchefstroomse Universiteit, aan ons verslaggewer gesê in 'n onderhoud.

**Cornelis Martinus Wimmers** is op 24 Februarie 1920 in Den Helder, Holland gebore. Sy eerste skoolopleiding ontvang hy aan die Christelike Lyceum in Hilversum en in dieselfde jaar sy studies voortsit aan die Vrije Universiteit van Amsterdam. Op 14 Desember 1942 lê hy sy kandidaatseksamen in die regte af en op 8 November 1945 behaal hy die doctorandus-graad.

Mnr. Wimmers het o.a. ook onder die bekende Nederlandse regsgeleerde en filosoof, prof. dr. H. Dooyeweerd gestudeer, wat Suid-Afrika in 1951 besoek het.

Na die aflegging van sy doktorale eksamen was hy sewe jaar lank sekretaris van De Raad voor Rechtsherstel waarvan prof. Gerbrandi, vroeëre eerste minister van Holland, voorsitter was. Hierdie liggaam ressorteer onder die ministerie van Justisie. Die doel van hierdie raad is om die onreg wat in die oorlog gedoen is, te herstel, o.m. om die onteiende Joodse besittinge aan die voormalige eienaars terug te besorg.

Op Sondag 26 Januarie 1953 sit die familie Wimmers voet aan wal in Kaapstad, waar hulle hartlik verwelkom is deur di. L. S. van der Walt en Vorster. Mnr. Wimmers verklaar dat hy geweldig onder die indruk van die pragtige ligging van Kaapstad met Tafelberg in die agtergrond, gekom het. Na die noorde het hy as 'n ware 'n miniatuurstad sien lê—die land wat sy nuwe tuiste sou word.

Ds. en mev. van der Walt het die gesin in Kaapstad rondgeneem om al die besienswaardighede te beskou en wat veral 'n treffende indruk op mnr. Wimmers gemaak het, was die rit met die kabelspoor teen Tafelberg op.

Dieselfde aand het die **ds. en mev. Vorster** hulle deur Kaapstal vergesel en hier weer het die duisende liggies van die stad in mnr. Wimmers se geheue gebly.

Om tien-uur die volgende dag het hulle Kaapstad op pad na Potchefstroom verlaat en om kwart-voor-een op Woensdag, 28 Januarie, in Potchefstroom aangekom, waar hulle deur **Proff van Rooy, Dekker, Stoker en Kroeze, mnr. G. P. Schoeman** en die familie **Mook** ontmoet is.

Mnr. Wimmers het verklaar dat Potchefstroom vir hom een van die mooistê dorpies is wat hy nog ooit gesien het en dat hy geweldig baie onder die indruk van die natuurskoon gekom het. In Holland het hy verskeie foto's van Potchefstroom in die hande gekry maar hier is dit nog 'n stuk mooier, sê hy.

**In Holland het hy aan verskeie sportsoorte deelgeneem, o.a. ook aan tennis, tafeltennis en ju-jitsu, maar, sê hy, hokkie het maar altyd sy liefingsport gebly.**

Mnr. Wimmers is op 23 Mei 1946 in die huwelik bevestig met Catharina Lensselink en uit die huwelik is twee dogters, Wilma, (5) en Marianne (4) gebore.



Adv. L. J. du Plessis

In Prof. du Plessis se dae was hy bekend as „Ou Broeder". Toe was hy huisvader. Vandag natuurlik hoor ons homself sê dat hy eintlik „Kiekus" is. In elk geval, dit is aangenaam om Prof. du Plessis weer in ons geledere te mag hê. Hy is 'n groot Afrikaner, 'n fyn geleerde, 'n knap regsgeleerde en by dit alles 'n gevatte humoris. Welkom, Professor.

* * *

Mnr. F. J. du Toit, een van ons raadslede en broer van die Registrateur sal tot ongeveer einde Julie op 'n sakereis oorsee verkeer.

* * *

Prof. J. Chris Coetzee is weer deur die Raad vir 'n verdere tydperk van vyf jaar benoem as professor in die Opvoedkunde.

* * *

Dr. S. P. van der Walt is deur die Raad benoem as die Raad se verteenwoordiger op die Uitvoerende Komitee van die Senaat en die Senaat.

* * * *

Mej. C. P. Theron is aangestel as assistente in die departement huishoudkunde.

* * *

Berig is ontvang dat mnr. J. P. Malan waarskynlik op 28 Mei vanuit Oostenryk na Suid-Afrika sal terugvertrek. Die redaksie van „Die Wapad" spreek die hoop uit dat mnr. Malan hoë lof sal verwerf in die doktorsverhandeling wat hy aldaar ingehandig het.

## NOU KYK NOU!

**"The Afrikaner is racially pure, the Englishman is racially pure, the non-European is racially pure, and each must remain thus. What we may ask, is the definition of racial purity?"—"The Rhodeo" na aanleiding van die jongste Kaapstad Konferensie.**

Ons hartlike dank aan die Atletiekbestuur en almal wat meegehelp het om die Atletiekintervarsitie 'n groot sukses te maak.

V. E. d'ASSONVILLE,
(S.R.-Voors.)

# DIRIGENT-VANGERY UIT DIE BOSE?
# Pukke En Outjies, Ons Moet Weer Dink!

*Is die sportmangees en studentelewe, die goeie studentelewe van daardoer destyds, besig om te kwyn? Raak sekere inter-universitêre aangeleenthede afgesaag en eentonig? Dit is maar enkele vrae wat elke student homself alreeds een of meer keer afgevra het. Hoor maar wat sê die eerste Pukstudente wat ons verslaggewer genader het oor 'n inter-universitêre aange-leentheid, nl. die ontvoer van dirigente tydens intervarsities:*

**PIERRE LOUW:** „Ek is bly dat „Die Wapad" nog so 'n mate van waarderinng vir die Pukke se intelligensie het, dat hulle ons nader om ons opinies uit te spreek oor die kwessie van dirigent-„kidnap". Daarmee toon hulle darem dat hulle nie dieselfde mening toegedaan is as sommige pappegaaie wat meen dat ons die Studenteraad klakkeloos moet napraat nie. Immers, my vryheid van opinie dra ek aan geen liggaam oor nie, o.a. ook nie aan my geagte Studenteraad nie. Nietemin stem ek as selfstandig-denkende wese saam met die Studenteraad. Dirigent-vangery is een van daardie miswasse wat van oorsee hierheen oorgewaai het om ons meer las as voordeel of pret te verskaf. In die verlede het dit nog altyd aanleiding tot 'n onaangename spanning tussen die twee inrigtings veroorsaak. Die geld en moeite wat so 'n vangery kos, het die hele transaksie nog nooit geloon nie. Laat ons liewers in 'n aangename gees, openlik en sportief, dje intervarsity op die veld beslis as om mekaar in die nag te bekruip en hardhandig weg te voer na 'n plek waar die persoon nie wil wees nie."

**Mnr. WINTIES VAN NIEKERK** is ook hart en mond teen die afgesaagde, soos hy dit noem, dirigent-vangery. Toe die instelling, of gewoonte, tot stand gekom het, was dit nog iets snaaks, sê hy, maar in die afgelope tyd het dit heeltemal ontaard en word dit nie meer gedoen in die goeie gees van vroeër nie. Verder verklaar hy dat as dit die enigste wyse is waarop intervarsitie-gees aangewakker kan word, daar definitief iets radikaals skort met ons studente-massa. Dit is nie die dirigent-vangery nie, maar die sportspanne wat die gees behoort aan te wakker. Ten slotte het hy gesê dat studente hulle nie deur so 'n nietigheid soos dirigent-vangery behoort te laat opsweep nie.

„Dirigent-ontvoering — ja, moet ons dit afskaf of nie?" vra mnr. **L. S. VAN DER VYVER.** „Daar is baie en goeie redes ten gunste van so 'n afskaffing, maar die volgende redes waarop daar gehamer is, is vir my geensins deurslaggewend nie: Dit moet afgeskaf word vanweë die misbruike of verkeerde optredes wat in die verlede daarmee gepaard gegaan het. Hierdie klag raak alleen die wyse of manier van ontvoering en nie die saak as sodanig nie. Die gevolge van hierdie afkeurenswaardige optredes mag ons alleen tot beter en versigter en verantwoordeliker optredes aanspoor — gebreke beteken nog geensins die doodvonnis oor 'n saak nie.. Dan is daar beweer dat die naam van ons inrigting op die spel is—dit is 'n stelling hierdie waaroor jou verbeelding na twee kante wye vlugte kan neem. Dit kan in die een rigting beteken dat jy die mislukking van die optrede 'n beswaddering van die goeie naam verantwoordelik maak en liewer dan die antipatie van baie mense daardeur teen die inrigting gewek is, maar hierdie klagte rus dikwels op geen grond en is 'n gevolg van „hoor-sê" of „hulle-sê-so"—daardie „hulle" wat vir so baie leuens verantwoordelik is. In die ander rigting kan jy pragtige voorbeelde opnoem waar die suksesse bygedra het tot die prestige van jou inrigting. Dit lyk dus vir my die kwessie is: Die een is so swaar as die ander. En onthou, al is dit hoe verouderd en afgesaag, vir elke eerste- en tweedejaar bly dit iets waarna hy miskien jare uitgesien het".

Dit is maar die opinies van die drie van ons studente. Wat is u opinie daaromtren, **Pukke en Outjies? Is dit al afgesaag of bly dit nog interessant?**

# "Lay off, Matie— My Property"--Ikeys

*In een van sy onlangse uitgawes skryf die Varsity dat U.K. gladnie gediend is met Matieland se jongste oproep om bydraes vir die oprigting van 'n Mediese Fakulteit. 'n Bedrag van £250,000 word beoog. Onder die opskrif: „Stellenbosch Medical School Would Prove Embarrassment", gee die Varsity luidkeels sy misnoë oor hierdie voorgenome stap te kenne. Ikeys weier sebuut om 'n mediese fakulteit in Kaapland te sien behalwe op hulle eie Universiteit.*

Die hoofberig word vergesel van 'n groot spotprent waar die Ikeydokter met sy stetoskoop die Matiestudent afstamp en met sy regterhand 'n beseerde pasiënt omhels. Die geskil gaan oor die voorneme van Matieland om die nuwe hospitaal wat in Parow Bellville opgerig word te gebruik aas opleidingssentrum te gebruik. Onder aan die spotprent staan: „Lay off, Matie—my property!"

Die blad verklaar verder dat as daar wel 'n behoefte bestaan vir die oprigting van nog 'n mediese skool dit liewers meer sentraal geleë opgerig moet word en dan aan die hand dat Bloemfontein die mees geskikste sentrum hiervoor is.

## A.S.B. Versprei Nuusbrief

**Dit is 'n verblydende feit dat die A.S.B. nou weer daarin geslaag het om voortaan 'n amptelike nuusbrief onder sy lede te versprei. Die Voorlaaier, soos die nuusbrief heet, word onder direksie van die hoofbestuur uitgegee. Die brief beslaan ses bladsye en sal van tyd tot tyd onder die lede can A.S.B. gratis versprei word.**

In die hoofartikel verklaar die redakteur dat „die doel van hierdie brief is om gereeld ons lede in te lig en op hoogte te hou met die doen en late van die hoofbestuur in die besonder en om nuus rakende die A.S.B. in die algemeen onder u aandag te bring. Steun u eie saak. Steun die A.S.B. Laat ons saam werk en hard werk. Ons het 'n plig, en laat ons dit nakom na die beste van ons vermoë. Laat ons dade doen, en nie net woorde spreek nie, dan sal ons ons werke sien".

Hierdie nuwe stap van hoofbestuursweë word allerwee verwelkom. Die brief slaag daarin om aktuele nuus onder die aandag van sy leserskring te bring.

**(Vervolg vorige kolom).**

## Quo Vadis Nusas

Die nuusbrief laat hom as volg uit oor die I.U.S. „Vir 'n geruime tyd reeds gaan daar oor die hele studentewêreld protesstemme op teen die Kommunistiesbeheerde Internasionale Unie van Studente. So is daar pogings aangewend om nuwe basis te vind vir samewerking. 'n Basis wat volgens ons mening los sal staan van die Russiese beheer.

**Dit bly vir ons egter 'n interessante feit dat selfs Nusas begin twyfel oor die wenslikheid om langer lid van I.U.S. te bly, soos blyk uit die volgende brokkie uit "The Rhodeo" van 21 Maart: Nusas President, Pat Arnett, recently back from a Council meeting of the International Union of Students, has, we understand, a lot to say about the inner workings of I.U.S. Although no statement has yet been officially made, it is probable that all the facts for and against remaining affiliated to I.U.S. will be discussed at Congress this July.**

„Ons kan slegs hoop", so verklaar die Voorlaaier, „dat NUSAS se oë begin oopgaan, en dat hulle terdeë sal besef wat die "inner workings" van IUS beoog".

Die proefwedstryde tussen Tukkies en ons eerste Voetbalspan met die oog op die kiesing van 'n span teen die Wallabies vind D.V. op die 13de Junie op Pretoria plaas. Slyp julle tande Pukke!

# THEOS VERLOOR.

Theos was verlede Saterdag baie ongelukkig om teen Blyvoor te verloor in 'n Blaine uitklopwedstryd. Die eindtelling was gelykop (6—6) en daar moes toe 'n verdere 10 minute aan elke kant gespeel word. In hierdie tyd het Blyvoor 'n strafskop behaal wat hulle 9—6 laat wen het.

Die Pukke het deurgaans mooi voetbal gespeel. Die spel was oop en hulle het die bal lustig rondgegooi. Dit was trouens ook die geval met Puk se vorige twee wedstryde. As die kêrels op hierdie wyse aanhou, sal hulle in een van die gedugste vyftientalle in Wes-Transvaal ontwikkel.

P.U. se punte is deur S. P. Lombard (drie) en Van der Merwe (strafskop) aangeteken, terwyl Blyvoor 'n drie en twee strafskoppe behaal het.

**Vorige botsings.**

In hulle eerste ligawedstryd van die seisoen het die Pukke pragtig saamgespeel teen Wes-Driefontein en met ses punte (twee mooi drieë deur Ockert Goossen en Viljoen) teen drie ('n drie) gewen.

In die daaropvolgende wedstryd teen Western Reefs het die Theos nadat hulle feitlik die hele wedstryd op hulle teenstanders se doellyn geboer het, met 10 punte (2 doele) teen 6 ('n drie deur Steenkamp en 'n strafdoel deur Van der Merwe) verloor.

**Ander uitslae.**

| | |
|---|---|
| 2e SPAN: | |
| Verloor teen Wes-Driefontein | 3—0 |
| Wen Western Reefs | 8—6 |
| Verloor teen Blyvoor (vriendskaplik) | 3—0 |
| 3e SPAN: | |
| Wen Wes-Driefontein | 3—0 |
| Wen Proefplaas | 5—3 |
| Wen Blyvoor (vriendskaplik) | 16—0 |
| ONDER-19: | |
| Wen Garnisoen | 22—3 |
| Wen Klerksdorp | 9—6 |

# *Sierlik Oor Die Dwarslat . . .*



Op die onlangsgehoue atletiek-byeenkoms het **Casper Venter** getoon dat hy grooot moontlikhede inhou. Met onvermoeide deursettingsvermoë kan hy wel nog hoër oor die dwarslat seil as 6vt. 2dm. Hy het egter swak presteer op die Dalrymple. **Willie Nel** was die enigste Puk wat daarin kon slaag om 'n plek te verower nl. 2e in die 100 tree.

## HOKKIE-WEDSTRYDE

1. 6 MEI: Eerste span teen Normaal op Normaal om 3.30 n.m. Tweede span teen Normaal C op P.U. om 3.30 n.m.
2. 9 MEI: Eerste span teen Blyvoor op Blyvoor om 3.30 n.m. Tweede span teen Viljoenskroon op Viljoenskroon om 3.30 n.m.
3. 13 MEI: Tweede span teen Normaal B op P.U. om 3.30 n.m.
4. 16 MEI: Eerste span teen Klerksdorp op Klerksdorp om 3.30 n.m. Tweede span teen Lichtenburg op Lichtenburg om 3.30 n.m.

Indien daar enige student is wat wens om die eerste of tweede spanne te vergesel na die verskeie dorpe, kan hulle met Mnr. B. J. Pienaar, Heimat 18, in verbinding tree. Toeskouers sal slegs 2/- betaal na enige van die bogenoemde plekke.

## Verswakte Manshokkie-span verras Garnisoen.

**'n Verswakte manshokkiespan was verlede Saterdag vir die grootste sport-verrassing van die dag verantwoordelik toe hulle met 'n uitgedunde span—Peet de Wet, Johann Ligthelm en Flip Snyman kon nie aan die wedstryd deelneem nie—teen Garnisoen met twee doele elk gelykop gespeel het. Nadat Garnisoen binne die eerste vyf minute van die wedstryd twee doele kort na mekaar behaal het, moes die Pukke terugveg so al wat hulle kon. Teen die einde van die eerste helfte kon die Pukke eers daarin slaag om hulle eerste doel te behaal toe Jack Strydom deurbreek en die bal inskiet. Die tweede doel het gekom teen die einde van die tweede helfte. Charles Schlesinger het pragtig deur die verdediging gebreek en geen fout gemaak nie. Die Pukke kan gelukgewens word met hierdie prestasie en veral aangesien Garnisoen een van die sterkste spanne in die liga is en drie van Puk se staatmakers nie kon speel nie.**

D.F.E.

## Raketswaaiers Speel uit.


Die geesdrif vir tennis is vanjaar so hoog dat daar besluit is om 'n ranglys op te stel van die 12 beste spelers.. Spelers kan mekaar dan uitdaag en sodoende 'n plek op die ranglys bekom of 'n hoër plek op die lys verower. Verlede Saterdag is daar uitgespeel tegelyktreyd met die doel om 'n span te kies vir intervarsity. Die ranglys sal heelwaarskynlik as volg daar uitsien:—

De Jager, Hauptfleisch, H. Coetzee, F. Botha, Bester, Potgieter, Van der Merwe, Wills, McCinck, De Klerk, Louw, Bezuidenhout.

W. J. GROBBELAAR.
Mans- en Dames-Haarkapper
**Kerkstraat 97. Foon 330.**
Probeer ons beroemde
**JAMAL MASJIENLOOS PERM**
Bekwame Mans-afdeling.
**Sigarette en Fantasie Goedere.**

EXCELSIOR MEUBELS
**KERKSTRAAT 132.**
**Foon 743.**
KOM BESOEK ONS EN OORTUIG USELF VAN ONS
KWALITEIT en VERSKEIDENHEID MEUBELS.



## Manshokkie op Oorlogspad.

In hulle eerste vriendskaplike wedstryd van die seisoen, het die manshokkiespan so byna-byna daarin geslaag om hulle rekordtelling van 11—0 verlede jaar teen Proefplaas, hierdie jaar teen dieselfde span te herhaal. Toe die eindfluitjie blaas, het die Pukke met 'n telling van 10—0 kon spog. Die doele is aangeteken deur Peet de Wet (2), Charles Schlesinger (5) en Jack Strydom (3).

Die eerste liga-wedstryd van die seisoen het net so goed van stapel gestuur en het die eerste span weereens teen Proefplaas geseëvier maar hierdie keer met 'n telling van 6—0. Schlesinger (3), De Wet (2) en Van Wyk (1) het gesorg vir die doele.

Die tweede span he egter in hulle eerste liga-wedstryd die onderspit gedelf met 1—0 maaar die vorige week vir Proefplaas in 'n vriendskaplike wedstryd geklop met 5—0.

## DAMES WEN.

As gevolg van die groot geesdrif en entoesiasme het die dameshokkiespanne tot dusver in al hulle ligawedstryde oorwinnings behaal. Op 18 April klop die eerste span **Klerksdorp** met twee doele teen een en op 25 April klop hulle **Normaal** 1—0. In hierdie wedstryd kan veral die name genoem word van die twee heelagters, Rina du Plessis en Marietjie du Plessis asook dié van die doelwagter, Leonie du Plessis. In laasgenoemde wedstryd het die Pukkies dan ook vir die eerste keer in hulle nuwe hokkie-drag gespeel.

Die tweede span, of liewer die „benoudes", het hulle eerste ligawedstryd van die seisoen met 'n telling van 3—1 teen Normaal gween.

Van die drie wedstryde wat tot dusver deur die derde span gespeel is, is een verloor en twee gelykop gespeel.

Die afrigtinng van die dameshokkiespanne is in die bekwame hande van mev. Eve du Plessis, 'n oud-Wes-Transvaalse speelster en tans ook lid van die Wes-Transvaalse keurkomitee.

P. W. BUYS
U verteenwoordiger van
REMBRANDT.